higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

3 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 D
1.3 B
1.4 C
1.5 A
1.6 B
1.7 A
1.8 C
1.9 B
1.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Onwaar
2.6 Onwaar
2.7 Waar
2.8 Waar
2.9 Onwaar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 H
3.2 L
3.3 E
3.4 C
3.5 K
3.6 B
3.7 F
3.8 N
3.9 M
3.10 I

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 G
4.2 F
4.3 E
4.4 D
4.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Kwaadwillige saakbeskadiging
5.2 Begunstiger
5.3 Oorsaaklikheid
5.4 Elemente
5.5 Aanstigting/Aansporing

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 (✓ vir die volgende TWEE: maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):
Aanstigting is
wanneer **een persoon iemand anders✓ aanmoedig om 'n misdaad te pleeg✓**. (2)

6.2 (✓ vir enige DRIE van die volgende: maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):
- Die feit dat die ander persoon maklik oortuig is, is nie belangrike nie.
- Die wyse waarop die persoon oortuig is, is nie belangrik nie.
- Daar moet 'n ander party betrokke wees.
- Die aanstigting kan direk of indirek wees.
- Die party wat oortuig word kan ook 'n groep van enige grootte wees.
- Die beskuldigde moes opsetlik/doelbewus probeer het om die ander party te oortuig.
- Die beskuldigde moes geweet het dat die handeling wat gepleeg gaan word, 'n misdaad is. (3)

6.3 (✓ vir die volgende TWEE en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):
Sameswering is:
wanneer **minstens twee mense instem✓ om 'n misdaad te pleeg**.✓ (2)

6.4 (✓ vir enige TWEE van die volgende en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):
- Daar moet 'n definitiewe ooreenkoms wees om 'n misdaad te pleeg.
- Daar moet meer as een persoon betrokke wees.
- Daar moet 'n ooreenkoms wees oor die presiese manier waarop die misdaad gepleeg sal word.
- As hulle van hulle plan afsien om die misdaad te pleeg, is hulle nog steeds skuldig aan sameswering. (2)

[9]

VRAAG 7

7.1 **Die gewone betekenis van 'handel dryf met':**✓
Voorbeeld:
'n Persoon koop en verkoop letterlik dwelms.
Doen sake wat dwelms behels en maak geld daaruit.
(✓ vir enige EEN van hierdie twee en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):

Die wyer betekenis van 'handel dryf met':✓
Voorbeeld:
'n Persoon is betrokke by enige handeling wat verband hou met die maak/groei/vervoer/insameling van ...
(✓ vir enige EEN van hierdie vyf en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):

Ander situasies:✓
Voorbeeld: Iemand is gevind met 'n groot hoeveelheid dwelms in sy/haar besit.✓ (6)

7.2 (✓ vir die volgende TWEE en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):
- Bestuur 'n voertuig op 'n openbare pad terwyl onder die invloed van drank of dwelms
- Sit in die bestuurder se sitplek van 'n motorvoertuig op 'n openbare pad terwyl die enjin aangeskakel is terwyl onder die invloed van drank of dwelms (2)

7.3 Nee (1)

7.4 (✓ vir elkeen van die volgende DRIE punte:
- As twee of meer mense✓ besluit om 'n misdaad te pleeg
- en hulle tree saam op✓ om die misdaad te pleeg
- sal elke persoon in gelyke mate aanspreeklik gehou word✓ vir die optrede van die groep. (3)

Kopiereg voorbehou

7.5 (✓ vir enige DRIE van die volgende en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):

- Politieke veranderings
- Ontwrigting van gesinslewe
- Beskikbaarheid van vuurwapens
- Verstedeliking
- Swak strafregplegingstelsel
- Armoede
- Werkloosheid
- Misbruik van alkohol en dwelms
- Ineenstorting van sedelike waardes (3)

[15]

VRAAG 8

8.1 Minagting van die hof *in facie curiae*
word gepleeg voor 'n regter of landdros terwyl die hof in sitting is.✓
Voorbeeld:

- Skree, vloek of lag vir getuies of beamptes
- Dronk of rumoerig in die hof
- Gryp of beskadig hofdokumente
- Ontwrig die hof

(✓ vir enige EEN hiervan en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):

Minagting van die hof *ex facie curiae:*
word gepleeg wanneer die persoon nie voor 'n regter of landdros is terwyl die hof in sitting is.✓

Rakende hangende sake:✓
Voorbeeld:

- Publiseer of lewer kommentaar op hangende sake
- Koop hofbeamptes om of intimideer hulle

(✓ vir enige EEN hiervan en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):

Rakende sake wat nie hangend is nie:✓
Voorbeeld:

- Versprei negatiewe inligting oor hofbeamptes of regsprosesse
- Stuur beledigende korrespondensie aan hofbeamptes
- Voorkom dat 'n hofbeampte sy of haar werk doen
  (✓ vir enige EEN hiervan en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie): (7)

8.2 Regsverydeling:
Die regspleging moes werklik verydel geword het.✓

Dwarsboming van die gereg:
Die verloop van regspleging is slegs gedwarsboom en is nie op die ou einde verydel nie.✓
(✓ vir enige TWEE en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie): (2)
[9]

VRAAG 9

(✓ vir die volgende SEWE en maak voorsiening vir leerder se eie interpretasie):
Wetgewing
- Skriftelike wette word deur die regering of staatsorgane geskep✓
- Sodra die parlement wetsontwerpe goedgekeur het, word hulle wette/statute genoem.✓
- Die Grondwet is die hoogste reg en bevat die Handves van Regte.✓
- Alle wette moet opgestel word in ooreenstemming met die Handves van Regte.✓

Gemenereg:
- Daar die reëls wat nie in wette voorkom nie.✓
- Hulle is algemene reëls van geskiedkundige oorsprong, soos Romeinse of Romeins-Hollandse reg,

Regterlike presedent:
- Die howe moet beslissings in aanmerking neem wat in vorige sake uitgespreek is en hulle in soortgelyke situasies toepas.✓ **[7]**

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C

VRAAG 10

10.1 (✓ vir die volgende VIER en maak voorsiening vir die leerder se eie interpretasie):
Versuim:
- As iemand nie optree nie✓
- waar daar 'n regsplig op hom of haar gerus het om wel op te tree✓
- en die versuim om op te tree veroorsaak dat iets gebeur.✓

Regsplig is belangrik omdat
- dit 'n verpligting op 'n persoon plaas om op te tree om 'n gewenste resultaat te bereik of om 'n ongewenste resultaat te voorkom.✓
- dit 'n persoon in 'n verhouding met iemand anders kan plaas waar sekere optrede vereis word.✓ (5)

Kopiereg voorbehou

10.2 (✓ vir die volgende DRIE en maak voorsiening vir die leerder se eie interpretasie):

- Motoriste word by wet verplig om tolgeld te betaal wat deur die regering gehef word.✓
- E-tol is 'n manier om tolgeld in te samel.✓
- As e-tol nie betaal word nie, kom dit op 'n versuim neer om iets te doen wat 'n regsplig is.✓ (3)

[8]

VRAAG 11

(✓ vir die volgende TWAALF en maak voorsiening vir die leerder se eie interpretasie):

11.1 'n Persoon pleeg moord wanneer hy/sy wederregtelik✓ en opsetlik✓ die dood✓ van 'n ander mens veroorsaak.✓ (4)

11.2 Nee✓

- Noodweer kan slegs as regverdigingsgrond vir moord aanvaar word as die handeling in reaksie was op 'n aanval of dreigende aanval.✓
- Ellen Pakkies het haar seun verwurg terwyl hy geslaap het en nie terwyl hy haar aangeval het nie.✓ (3)

11.3 Nee✓

- Noodtoestand kan slegs as regverdigingsgrond aanvaar word as die handeling in verhouding tot die gevaar was.✓
- Haar optrede deur haar seun dood te maak terwyl hy geslaap het was nie in verhouding tot 'n gevaar vir haar nie.✓ (3)

11.4 Geestesongesteldheid✓
Ten tyde van die moord het Ellen Pakkies nie die geestelike vermoë gehad om te besef dat haar optrede verkeerd is nie.✓ (2)

[12]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou